Kuns en Lettere



ETIENNE LEROUX

# Etienne Leroux... verras weer met sy nuwe roman: „Sewe Dae by die Silbersteins"

(Deur CHRIS BARNARD)

ETIENNE LEROUX, skrywer van „die Mugu" en „Hilaria", se vierde roman, „Sewe Dae by die Silbersteins", verskyn teen die middel van aanstaande maand by Human en Rousseau in Kaapstad.

**Hoe geslaag hierdie roman in sy geheel is, is in hierdie stadium moeilik om te bepaal — maar ek het pas die voorreg gehad om enkele gedeeltes daarvan in manuskripvorm te lees.**

**Dit was genoeg om my te oortuig dat ons hier te doen het met 'n unieke greep uit ons hedendaagse Afrikaanse prosa.**

Hierdie skrywer beskik klaarblyklik oor die seldsame gawe om sy leser met elke volgende werk van hom vanuit 'n nuwe hoek te verras.

## Satire

„Sewe Dae by die Silbersteins" speel af op 'n fabelagtige wynplaas in die Boland. Maar reeds met die eerste opslag is dit duidelik dat ons hier nie te doen het met 'n plaasroman in die gewone sin van die woord nie.

**Dis 'n satire oor die verdwyning van en soektog na die individu in 'n wêreld waar massas die oorhand gekry het.**

Die wyse waarop Leroux hierdie probleem aanpak, is besonder interessant en ewe oorspronklik.

## ‚Anders'

Die verhaal draai om sewe partytjies. Elke laag van ons gemeenskap word betrek. En in hierdie mengelmoes is 'n sekere karakter voortdurend op soek na sy verloofde — die vrou met wie hy moet trou maar wat hy nog nooit gesien het nie: Salome, die vrou agter die sluier.

Stephen (Eetinne) Leroux is veertig jaar gelede gebore in die distrik oudtshoorn waar sy vader, oud-minister S. P. le Roux, toentertyd skaapboer was.

Sy hoërskoolopleiding ontvang hy in Kaapstad. Daarna het hy as student in die regte aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer en toe 'n jaar lank as prokureur in Bloemfontein gepraktiseer.

Sedertdien is hy self skaapboer op 'n pragplaas van twintig duisend morg in die distrik Koffiefontein. Hy is getroud met Renee Leroux, 'n baie belowende jong skilderkunstenares.

**Mnr Leroux het in 1955 gedebuteer met „Die Eerste Lewe van Colet", 'n realistiese roman wat ten tye van sy verskyning groot opspraak verwek het weens die „andersheid" van tema en uitgesprokenheid van die skrywer.**

Twee jaar later het 'n kort novelle, „Hilaria" gevolg en in 1959 het hy „Die Mugu" gepluбiseer.

## ‚Square'

Ook hierdie roman het aanvanklik uiteenlopende kommentaar uitgelok, maar intussen is die werk egter in so 'n mate aanvaar dat dit reeds aan ons universiteite voorgeskryf word.

**Trouens, die mening is al uitgespreek dat „Die Mugu" getel moet word onder die beste tien romans wat nog in Afrikaans geskryf is. „Mugu", terloops, is 'n sinoniem vir die Engelse woord „square".**

Maar hoe dit ook al sy, hierdie skrywer staan, slegs sewe jaar na sy debuut, reeds aan die voorpunt van ons jongste geslag skrywers, in weerwil — of miskien juis as gevolg daarvan dat hy 'n vreemde en, vir Afrikaans, nogal gevaarlike koers ingeslaan het. Dat hy nog baie mooi dinge gaan lewer, daaraan twyfel niemand nie.

# AKADEMIE WIL S.A. UITGEWERY BEVORDER

**DIE Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gaan hom in die komende jaar beywer vir verskeie geesteswetenskaplike projekte, waaronder ook die bekendstelling van die Afrikaanse en Engelse Suid-Afrikaanse letterkunde.**

Hierdie verklaring is pas deur die sekretaris van die Akademie, mnr. D. P. Goosen, uitgereik.

„Die Akademie beywer hom steeds vir die Suid-Afrikaanse taal- en letterkunde," lui die verklaring voorts. „Daarom is daar onder beskerming van die Akademie 'n aksie op tou gesit om 'n stigting ter bevordering van Suid-Afrikaanse publikasies daar te stel. Dit sal 'n omvattende projek wees wat die leiding moet neem met betrekking tot alle sake rakende die uitgee, verspreiding en bekendstelling, sowel in S.A. as oorsee, van Suid-Afrikaanse publikasies.

„In dié verband is die Akademie geruime tyd reeds self besig om stappe t edoen om die Afrikaanse en Engelse Suid-Afrikaanse letterkunde bekend te stel. Die vertaling van 'n twintigtal Afrikaanse kortverhale in Engels is reeds deur die Akademie afgehandel. Die werk sal eersdaags verskyn."

Die Akademiejaarvergadering vind einde Junie 1963 in Stellenbosch plaas.